ADDENDUM 3

DIE BEKAMPING VAN VEEDIEFSTAL

Veediefstal het ‘n winsgewende besigheid in Suid-Afrika geword. Dit het ‘n uitwerking op beide groot- en kleinveeboerdery en dit raak kommersiële sowel as opkomende/kommunale boere. Dit is kommerwekkend dat byna die hele waardeketting onbewustelik geïmpliseer kan word omdat voerkrale, boere, spekulante, veeveilings en abattoirs in ‘n stadium gesteelde vee kan ontvang en dus skuldig bevind kan word aan ‘n oortreding. Daarom is dit van kardinale belang dat boere en ander rolspelers in die waardeketting die implikasies en vereistes verstaan. Die Diere-identifikasiewet, Wet 6 van 2002 en die Veediefstalwet, Wet 57 van 1959 soos gewysig na Wet 28 van 1990 is daarom in plek om die bedryf en die SAPD te help om veediefstal te bekamp.

Verskeie strukture is met wisselende grade van sukses ingestel. ***Die vraag is hoe die veebedryf kan bydra om veediefstal verder te bekamp. Dit blyk dat ‘n groot persentasie van veeverhandelings nie aan wetgewing voldoen nie en dié aspek behoort sekerlik die vertrekpunt te wees om veediefstal te verminder.***

Die volgende is van belang in die toepaslike Wette:

1. DIERE-IDENTIFIKASIEWET, WET 6 VAN 2002

1.1 Elke vee-eienaar moet:-

- aansoek doen vir registrasie van ‘n identifikasiemerk;
- die diere volgens die voorgeskrewe metode merk;
- die diere duidelik merk.

1.2 Ouderdom van diere wanneer hulle gemerk moet word:

Beeste

- moet teen die ouderdom van ses maande gemerk word;
- kan teen die ouderdom van een maand getatoeëer word;
- kan teen die ouderdom van ses maande gebrandmerk word; en
- moet gebrandmerk wees teen die ouderdom wanneer die eerste permanente snytande uitkom (tweetand-stadium).

Kleinvee

- moet teen die ouderdom van een maand getattoeëer word.

Varke

- kan teen die ouderdom van een maand getattoeëer word.

Perde

- kan getattoeëer word teen die ouderdom van ses maande; en
- kan teen die ouderdom van twaalf maande gebrandmerk word.

1.3 Gedeeltes waarop die diere geïdentifiseer en die posisies waarin opeenvolgende identifikasiemerke in verhouding met mekaar aangewend moet word:

Beeste

- Die identifikasiewerk deur middel van tattoeëering moet in die linker- of regteroor aangebring word, en
- die identifikasiemerk by wyse van brandmerk moet op enige duidelike sigbare plek aangebring word, met die uitsondering van die nek.

Kleinvee

- Die identifikasiemerk moet deur middel van tattoeëring in die linker- of regteroor aangebring word.

Varke

- Die identifikasiemerk moet deur middel van tattoeëring in die linker- of regteroor aangebring word.

Perde

- Die identifikasiemerk by wyse van tattoeëring moet aan die bokaak, onderlip, linker- of regteroor aangebring word; en
- die identifikasiemerk by wyse van brandmerk moet op enige duidelik sigbare plek aangebring word, met die uitsondering van die nek.

1.4 Geen persoon mag:-

- Binne 14 dae na die datum waarop hy of sy die eienaar word van ’n dier met ’n identifikasiemerk, daardie dier verkoop, ruil, weggee of op enige ander wyse verhandel aan ’n ander persoon nie, tensy hy of sy aan die persoon wat daardie dier bekom ’n identifikasiedokument verskaf, of
- Na 14 dae vanaf die datum waarop hy of sy die eienaar van ’n dier word, daardie dier verkoop, ruil, weggee of op enige ander wyse verhandel nie, tensy:-
  - sodanige dier op die voorgeskrewe wyse gemerk is met die identifikasiemerk van die eienaar wat daardie dier van die hand sit; en
  - hy of sy aan die persoon wat daardie dier verkry ’n identifikasiedokument verskaf.
- Enige persoon (insluitende enige afslaer, agent of markmeester) wat vee verkoop, ruil, weggee of op enige manier vir ‘n ander persoon gee moet ‘n identifikasiedokument verskaf wanneer die dier verkoop, geruil of weggegee word.

Waarin aangedui word:

- sy/haar volle naam en adres, en indien die vee verkoop, geruil, weggegee of namens iemand anders op ‘n ander manier van ontslae geraak is, ook die naam en adres van daardie persoon;
- die spesifieke besonderhede wat betrekking het op spesifieke vee mag vereis word in terme van enige regulasie wat onder afdeling 16 aangedui word;
- die volle naam en adres van die persoon aan wie die vee verkoop, geruil, weggegee of weggedoen is;
- die datum waarop die vee verkoop, geruil weggegee of weggedoen is.

en daarmee sertifiseer

- dat die betrokke vee aan hom/haar behoort en dat hy/sy die eienaar die reg gegee het om daarmee te handel of daarvan ontslae te raak;
- die persoon wat ‘n dier bekom moet die betrokke identifikasiedokument vir ‘n tydperk van een jaar bewaar.

2. GEWYSIGDE VEEDIEFSTALWET, WET 28 VAN 1990

2.1 Gebrek aan redelike gronde om te aanvaar dat vee of produkte op die korrekte manier bekom is:-

Enige persoon wat op enige manier, anders as by ‘n openbare veiling, gesteelde diere of produkte bekom of sonder goeie rede in sy/haar besit ontvang sonder redelike gronde of bewyse dat die vee of produkte aan die betrokke persoon behoort of dat die betrokke persoon die toestemming gehad het om dit te verhandel nie, is skuldig aan ‘n misdryf.

2.2 Die persoon wat van die vee ontslae raak moet identifikasiedokumente uitreik:-

Enige persoon (insluitende enige afslaer, agent of markmeester) wat vee verkoop, verruil, weggee of op enige ander manier daarvan ontslae raak, moet tydens aflewering van die vee die persoon aan wie dit verkoop, verruil, weggegee of op enige ander manier weggedoen word, voorsien van ‘n dokument wat ‘n identifikasiedokument genoem word.

wat die volgende meld

- sy/haar volle naam en adres en indien die vee verkoop, verruil weggegee of op ‘n ander manier weggedoen is namens ‘n ander persoon, ook die naam en adres van die betrokke persoon;
- spesifieke besonderhede met betrekking tot spesifieke vee mag vereis word in terme van enige regulasie wat onder afdeling sestien (16) vermeld word;
- die volle naam en adres van die persoon aan wie die vee verkoop, geruil, weggegee of weggedoen is; en
- die datum waarop die vee verkoop, geruil, weggegee of weggedoen is.

wat sertifiseer dat

die betrokke vee sy/haar eiendom is en dat hy/sy die nodige toestemming van die eienaar bekom het om daarmee te handel of daarvan ontslae te raak.

Geen persoon aan wie vee verkoop, verruil, gegee of op ‘n ander manier weggedoen is en aan wie ‘n identifikasiedokument uitgereik moet word in terme van subafdeling (1) sal ontvangs van die betrokke vee neem voordat so ‘n dokument nie ten tye van aflewering bekom is nie.

Enige persoon aan wie ‘n identifikasiedokument uitgereik is in terme van subafdeling (1) sal dit vir ‘n periode van ten minste een jaar bewaar.

Enige persoon mag binne die periode soos waarna verwys in subafdeling (3) versoek om die dokument te sien en indien wel sal die persoon wat in besit daarvan is, dit aan die persoon wat dit wil sien, beskikbaar stel.

Enige persoon wat:-

- die voorskrifte in hierdie afdeling oortree of in gebreke bly om aan die voorskrifte te voldoen,
- in gebreke bly om aan die opdrag in terme van subafdeling (4) te voldoen; of
- doelbewus enige vals verklarings in ‘n identifikasiedokument aflê;

sal skuldig wees aan ‘n oortreding.

2.3 Enige persoon wat vee aan ‘n afslaer, agent of markmeester lewer vir doeleindes van verkoop of wegdoen op enige ander manier sal vir die doel van hierdie afdeling beskou word as dat hy/sy van sodanige vee ontslae geraak het aan die betrokke afslaer, agent of markmeester.

2.4 Vee of produkte bekom van persone wie se woonplekke onbekend is:-

Iemand wat op enige wyse (behalwe by ’n openbare verkoping) vee of produkte verkry of in sy/haar besit ontvang, of ’n afslaer, agent of markmeester wat vee of produkte vir verhandeling in sy/haar besit ontvang, van enige persoon wat nie ’n bekende woonplek het nie, sonder om ten tye van die lewering aan hom/haar van daardie vee of produkte ’n sertifikaat, (binne 30 dae voor die lewering uitgereik) verkry het nie, vanaf :-

- die werkgewer, hoof, hoofman of onderhoofman van die betrokke persoon of ‘n adjunk-hoof of ‘n “amptelike getuie” soos gedefinïeer in Hoofstuk 1 van die Kode van Zoeloe wetgewing soos waarna daar in afdeling 24 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 verwys word;
- ‘n vrederegter;
- ‘n polisiebeampte met die rang van sersant of hoër;
- ‘n dipvoorman;
- ‘n vee-inspekteur;
- twee welgestelde lede van die buurt waarin die transaksie plaasvind;
- die persoon van wie die betrokke persoon die betrokke vee of produkte bekom;

in gebreke bly om ‘n beskrywing te voorsien van die vee of produkte en sertifiseer dat die persoon tot die beste van sy/haar wete die reg het om daarvan ontslae te raak of dit te verhandel, is skuldig aan ‘n misdryf.

Enige persoon wat so ‘n sertifikaat bekom het, moet dit vir ‘n tydperk van ten minste een jaar in sy/haar besit hou.

Die persoon aan wie so ’n verwyderingsertifikaat uitgereik is, moet daardie identifikasiedokument in terme van subafdeling (2) vir ’n tydperk van minstens een jaar in besit hou. Die besitter van so ’n dokument moet dit binne die eenjaartydperk op versoek ter insae beskikbaar stel of voorlê aan die persoon wat dit versoek.

Enige persoon wat in gebreke bly om aan die voorskrifte van subafdeling (2) of enige ander versoek in terme van subafdeling (3) te voldoen of wat opsetlik

‘n vals verklaring in ‘n sertifikaat aflê soos waarna verwys word in subafdeling (1), is skuldig aan ‘n misdryf.

2.5 Vee wat op of langs ‘n publieke pad aangejaag, vervoer of andersins getransporteer word:-

Niemand mag vee of produkte waarvan hy/sy nie die eienaar is nie, op of langs ’n publieke pad aanjaag, vervoer of transporteer nie tensy hy/sy in besit is van ’n sertifikaat, genoem ’n verwyderingsertifikaat, wat deur die eienaar van daardie vee of produkte of die behoorlik gemagtigde agent van die eienaar aan hom/haar uitgereik is en waarin die volgende verklaar word:

- die naam en adres van die persoon wat die sertifikaat uitgereik het;
- die naam en adres van die eienaar van die vee of produkte;
- besonderhede met betrekking tot die vee of produkte wat vereis mag word in terme van enige regulasie onder afdeling (16);
- die plek waarvandaan en plek waarheen daardie vee of produkte aangejaag, vervoer of andersins getransporteer word;
- die naam van die drywer, vervoerder of transporteerder;
- die datum van uitreiking van die sertifikaat;
- indien van toepassing, die registrasienommer, model en fabrikaat van die voertuig waarmee die vee of produkte vervoer of getransporteer word:

Met dien verstande dat die voorskrifte van hierdie subafdeling nie toegepas word op enige vee wat aangejaag, vervoer of getransporteer word met die toestemming van die eienaar of ‘n gemagtigde agent op of langs ‘n gedeelte van enige openbare pad wat aan die betrokke eienaar of agent behoort nie.

’n Eienaar van vee of produkte mag nie ’n ander persoon toelaat om vee of produkte op of langs ’n openbare pad te laat aanjaag of vervoer sonder om

aan dié persoon ’n verwyderingsertifikaat te verskaf nie in terme van subafdeling (1).

Enige vrederegter, polisieman, eienaar, huurder of bewoner van ‘n plaas het die reg om enige persoon wat in terme van subafdeling (1) verplig word om ‘n verwyderingsertifikaat in sy/haar besit te hê, te versoek om dit beskikbaar te stel of voor te lê.

Geen persoon wat in diens is of was van die eienaar of bewoner van die plaas sal enige vee en produkte wat aan hom/haar behoort of onder sy/haar beheer is, verwyder van die grond wat behoort of bewoon word deur die betrokke eienaar of bewoner, die agent of die betrokke eienaar of bewoner, of ‘n polisieman op ‘n datum nie vir langer as sewe dae voor die verwydering nie, en op die dokument aangetoon word nie, sonder ‘n dokument waarin die datum verklaar word nie, asook ‘n beskrywing van die betrokke vee of produkte en sertifiseer dat hy/sy na die beste van sy/haar wete glo dat die persoon wat die dokument uitgereik het, geregtig is om die vee of produkte op die aangetoonde datum te verwyder.

Enige persoon of grondbewoner of enige agent van die betrokke eienaar of bewoner, is verplig om ‘n veeverwyderingsertifikaat in terme van die voorskrifte van subafdeling (4) uit te reik wanneer hy/sy versoek word om dit te doen deur die persoon wat vir hom/haar werk en die eienaar van die vee of produkte is wat verwyder word.

Enige persoon wat so ‘n dokument bekom het, is volgens subafdeling (4) verplig om dit vir ‘n periode van een jaar in sy/haar besit te hou.

Enige vrederegter, polisieman, eienaar, huurder of bewoner van ‘n plaas het die reg om enige persoon wat in terme van subafdeling (6) verplig word om ‘n verwyderingsertifikaat in sy/haar besit te hê, te versoek om dit beskikbaar te stel of voor te lê.

Enige persoon wat:-

- hierdie voorskrifte van die wet oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen;
- in gebreke bly om te voldoen aan enige opdrag onder subafdeling (3) of (7);
- opsetlik vals inligting in die verwyderingsertifikaat verstrek in terme van subafdeling (5); of
- valslik verklaar dat hulle die eienaar is van vee of produkte wat hulle op of langs ’n publieke pad dryf, vervoer of transporteer,

is skuldig aan ‘n misdryf.

Vir doeleindes van subafdelings (1), (2) en (8) (d) sal “eienaar” enige persoon insluit wat vee of produkte bekom het by wyse van ‘n ooreenkoms van verhandeling in terme van enige betrokke persoon wat die eienaar van die betrokke vee of produkte word slegs uit hoofde van die aflewering van sulke vee of produkte aan hom/haar.

Daar word voorgestel dat alle boere en ander rolsplers in die waardeketting die volgende sal ondersteun:

- Alle eienaars van vee behoort ‘n unieke brandmerk te registreer.
- Die geregistreerde brandmerk toe te dien volgens die Diere-identifikasiewet, Wet 6 van 2002 op alle relevante vee.

- ‘n Dokument van Identifikasie en ‘n Veeverwyderingsertifikaat met alle transaksies voltooi en voorsien.
- Alle kopers en verhandelaars van vee behoort eienaarskap te verifïeer en te weier om vee te aanvaar wat nie gemerk is nie of nie vergesel is van voltooide Identifikasiedokumente en Verwyderingsertifikate nie.
- Alle boere, afslaers, veekrale en abattoirs sal slegs vee aanvaar wat gemerk is en vergesel is van Identifikasiedokumente.
- Identifikasiedokumente behoort vir ‘n tydperk van 12 maande op rekord gehou te word.

Addendum adapted from a document compiled by Mr Dave Ford of SAFA.